



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF BASIC
EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 001

09 -06- 2025

APPROVED MARKING GUIDE LINE
PUBLIC EXAMINATION

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

REKENINGKUNDE V2

MEI/JUNIE 2025

NASIENRIGLYNE

Approved V DELUHLAZO DBE Internal moderator 9 June 2025	Approved M SEEVNARAIN DBE Internal moderator 9 June 2025	Approved D WOODROFFE Umalusi External moderator 9 June 2025	Approved M VANNEER Umalusi External moderator 9 June 2025
--	---	---	---

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). LW: As syfers in die nasienriglyne vir komponente of bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of - teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag).
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☐.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye.

VRAAG 1**1.1 BTW****1.1.1**

NR.	BEWERKINGS	EFFEK
	Openingsaldo	51 500
Voorbeeld	6 900 – 6 000	+ 900
(i)	221 720 x 15/115	- 28 920 ✓✓
(ii)	12 000 x 15/100	- 1 800 ✓✓
(iii)	(187 795 ✓ – 21 275 ✓) x [15/115]✓ 166 520 twee punte OF (163 300 – 18 500) x [15/100] een punt een punt een punt 144 800 twee punte OF 24 495 – 2 775 twee punte een punt	+ 21 720 ✓*# # Indien finale antwoord getoon is met 'n verkeerde teken, ken alle bewerkingspunte toe; nie punt op finale antwoord
(iv)		- 765 ✓
	BTW BETAALBAAR	41 735 ✓* Aanvaar 42 635

10

*een deel korrek

Aanvaar hakies vir negatiewe bedrae.
Totaal moet openingstotaal insluit.**1.1.2**


Karen wil haar besigheid as 'n BTW-handelaar deregistreer omdat sy nie by die BTW-sperdatums vir indiening van opgawes kan hou nie.

Wat sal jou raad aan Karen wees? Noem EEN punt.

Enige EEN toepaslike punt ✓✓

Deelpunte vir gedeeltelike/onduidelike antwoorde

- As haar omset R1m p.j. oorskry, is dit verpligtend om geregistreer te wees en gereeld opgawes in te dien.
- As indiening-sperdatums nie nagekom word nie, sal die besigheid boetes aan SAID moet betaal.
- Sy sal nie BTW wat sy aan verskaffers betaal, kan terugeis nie.
- Karen kan 'n belastingkonsultant gebruik wat haar oor belastingperiodes kan herinner, sodat sy betyds opgawes kan indien.
- Stel outomatiese herinnerings in e-Filing op.

2

1.2 KREDITEURE-REKONSILIASIE

1.2.1

	KREDITEUREGROOTBOEK- REKENING VAN EPSON HANDELAARS	REKENINGSTAAT VAN CANON VERSKAFFERS
SALDO'S	101 900	88 900
(i)	+ 400 ✓	
(ii)	(26 300 – 23 600) – 2 700 ✓✓	
(iii)		een punt een punt (-1 600 -1 600) – 3 200 ✓✓
(iv)	((7 000 – 5 000) + 2 000 ✓✓	– 5 000 ✓
(v)	– 13 800 ✓	
(vi)		(19 000 – 17 100) – 1 900 ✓✓
(vii)		+ 9 000 ✓
SALDO'S	87 800 ☑*	87 800 ☑*

14

Saldo's kan verskil, maar moet die openingsaldo's insluit.
-1 vreemde items per lyn, slegs as 'n punt in daardie lyn verdien is, (kan dus maks. -6 wees).
Aanvaar volledig korrekte antwoord in 'n verkeerde lyn.

1.2.2

Daar is gevind dat Senzo, die aankoopbestuurder, 'n fiktiewe faktuur geteken het wat van Prime Verskaffers ontvang is. Sy seun se bankbesonderhede het op hierdie faktuur verskyn. Die toepaslike betaling is deur die finansiële afdeling gedoen. Behalwe om Senzo af te dank, verskaf:

Moenie 'verdeling van pligte' aanvaar nie.

EEN manier waarop teen hom opgetree kan word	EEN toepaslike punt ✓✓ - Hou 'n dissiplinêre verhoor / Reik 'n skriftelike waarskuwing uit. - Lê kriminele klagte teen hom. - Lê siviele klagte teen hom sodat hy geld moet terugbetaal. - Skors hom tydelik, terwyl ondersoek aan die gang is. - Moontlike afgradering van sy pos / oorplasing na ander afdeling. - Doen forensiese oudit om ander moontlike bedrog te ondersoek.
EEN voorstel om hierdie probleem in die toekoms te voorkom	EEN toepaslike aanbeveling ✓✓ - Verifiëring van die bestaan van verskaffers. - Verseker dat goedere ontvang wel op 'n bestelvorm en geldige faktuur aangedui is. - Behoorlike magtiging van betalings. - Finansiële afdeling moet bankbesonderhede verifieer voordat betalings gemaak word. - Gereelde opleiding oor etiek en gevolge van wangedrag. - Doen gereeld onbeplande kontroles of interne oudits om bedrog vroegtydig op te spoor.

4

TOTALE PUNTE

30

VRAAG 2

2.1

2.1.1	indirekte	✓
2.1.2	vaste	✓
2.1.3	administratiewe	✓

3

2.2 WOLLIE'S WINTERHANDSKOENE

2.2.1

Bereken direkte materiaalkoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$26\,000 \checkmark \times \begin{matrix} \text{twee punte} \\ [1\,770\,000 / 30\,000] \end{matrix} R59 \checkmark \checkmark$ OF $[1\,440\,000 + 330\,000] \quad [4\,000 \times 59]$ $1\,770\,000 \quad - \quad 236\,000$ $\text{een punt} \quad \text{twee punte}$ OF $1\,770\,000 \times [26\,000 / 30\,000]$ $\text{een punt} \quad \text{twee punte}$	1 534 000 ☒ een deel korrek

4

2.2.2

Bereken korrekte fabrieksbokoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

Foutiewe totaal	966 360
Telefoon	- 27 000 ☒ ☒
Indirekte materiaal	- 2 800 ☒ ☒
Skoonmakerslone $[48\,000 / 2] \times [6/100 \times 2/12]$	+ 240 ☒ ☒ *
Water en elektrisiteit	+ 3 200 ☒ ☒
	940 000 ☒ *

9

*een deel korrek

Finale bedrag moet openingstotaal insluit.

2.2.3

Bereken die bruto wins verdien vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$4\,600\,000 \checkmark - \begin{matrix} \text{sien 2.2.1} \\ 1\,534\,000 \end{matrix} \checkmark - 876\,000 \checkmark - \begin{matrix} \text{sien 2.2.2} \\ 940\,000 \end{matrix} \checkmark$ OF $4\,600\,000 \checkmark - (1\,534\,000 \checkmark + 876\,000 \checkmark + 940\,000 \checkmark)$ 3 350 000 drie punte Wees bedag op alternatiewe bewerkings, bv. grootboekformaat of hakies	1 250 000 ☒ een deel korrek

5

2.2.4

Jerry was tevrede met die prestasie gedurende die huidige jaar en beplan om produksie met 30% in die volgende finansiële jaar te verhoog. Hy is oortuig daarvan dat die vraag sal toeneem as gevolg van veranderende weerpatrone.

Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunte deur die huidige jaar se resultate met sy plan vir die volgende finansiële jaar te vergelyk. Verskaf TWEE punte, met syfers.

Vergelyking van GBP met produksievlakke ✓✓ vergelykende syfers ✓✓

Moontlike antwoorde vir 4 punte:

- Hy het wins op 2 000 (40 000 – 38 000) eenhede in die huidige finansiële jaar gemaak en verwag om wins op 13 600 (52 000 – 38 400) eenhede in die volgende fin. jaar te maak.
- Hy het 2000 meer as die GBP (huidige finansiële jaar) vervaardig, en verwag om 13 600 eenhede meer as die GBP in die volgende finansiële jaar te vervaardig.
- Hy verwag 'n hoër wins op 11 600 eenhede, omdat GBP met 400 eenhede (1,1%) verhoog en vervaardiging met 12 000 eenhede (30%) gaan verhoog.

Moontlike antwoorde vir 2 punte: Maks 2 punte in totaal (merk slegs een opsionele antwoord).

Vergelyking van GBP met GBP en vervaardiging met vervaardiging.

- Vervaardiging verhoog (van 40 000) tot 52 000 eenhede/ met 12 000 eenhede.
- GBP verhoog (van 38 000) tot 38 400 eenhede / met 400 eenhede.

4

Bereken die verhoging in die wins wat Jerry verwag om vanaf die jaar geëindig 28 Februarie 2025 tot die volgende finansiële jaar te verdien.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$(13\,600 \times 47,5)$ $646\,000 \quad \checkmark\checkmark \quad - \quad (2\,000 \times 40)$ $80\,000 \quad \checkmark\checkmark$	$566\,000 \quad \checkmark$ Een deel korrek

5


2.2.5

Gee TWEE moontlike redes vir die voorgestelde verhoging in direkte arbeidskoste in die volgende finansiële jaar. Haal syfers aan.

Enige TWEE geldige punte ✓ ✓ Syfers en tendense ✓ ✓

- DAK sal verhoog (van R876 000) tot R1 300 000 / met R424 000 / met 48%. Voorsien vir oortyd / Produksie-aansporingsbonusse wat aangebied kan word om te verseker dat die vereiste mikipunte bereik word.
- Eenheidskoste sal verhoog (van R21,90) tot R25 / met R3,10 / met 14%. Hy het voorsiening gemaak vir jaarlikse inflasionêre verhogings of salarisverhogings of verbeterde byvoordele wat ingestel is.

4



2.2.6 Jerry het 'n verhoging van R304 000 vir totale vaste koste geprojekteer.

Verskaf TWEE moontlike uitgawe-items wat hy in ag kon geneem het toe hy sy projeksies gemaak het. Gee 'n verskillende rede vir elke geïdentifiseerde item.

UITGAWE-ITEM ✓ ✓	REDE ✓ ✓
• Waardevermindering op fabrieksmasjinerie	• Addisionele masjinerie kan benodig word vir verhoogde vervaardiging.
• Indirekte arbeid	• Voorman/Toesighouer se werkslading sal verhoog / Verhoog die minimumloon vir skoonmakers.
• Water en elektrisiteit	• Verhoogde verbruik a.g.v. oortydure.
• Indirekte materiaal / Verbruiksgoedere	• Meer eenhede wat skoongemaak/onderhou moet word / Meer kantoor skoonmaak- of verpakkingsmateriaal benodig.
• Huuruitgawes	• Meer vloerspasie moet gehuur word om verhoogde vervaardiging te akkommodeer.
• Versekering	• Meer bates het ekstra dekking nodig.
• ho	• Meer vervaardiging sal lei tot meer gereelde herstelwerk en onderhoud.
• Sekuriteit	• Meer sekuriteitspersoneel is nodig / 'n verbeterde of gevorderde sekuriteitstelsel.
• Administrasiekoste	• Meer kantoorpersoneel word benodig/ meer kantoorwerk om hoër vervaardiging te hanteer.
• Telefoon	• Meer gereelde kommunikasie met klante en verskaffers.

4

Verduidelik waarom Jerry nie oor hierdie voorgestelde verhoging in totale vaste koste bekommerd hoef te wees nie. Verskaf EEN punt met syfers.


Enige EEN toepaslike punt ✓ syfers ✓

Vaste koste per eenheid het verminder (van R38,00) tot R35,10 / met R2,90 / met 7,6%, terwyl eenhede vervaardig vermeerder het.

OF

Vaste koste per eenheid het gedaal (van R38,00) tot R35,10 / met R2,90 / met 7,6% en hulle kon die voordeel van die ekonomie van skaal benut.

2

TOTALE PUNTE**40**

VRAAG 3
OORFONE

3.1

Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025, deur die EIEU-metode toe te pas.

BEWERKINGS				ANTWOORD
$\begin{matrix} [320 - 80] \\ (240 \checkmark \times 160 \checkmark) \\ 38\,400 \\ \text{twee punte} \end{matrix}$	+	$\begin{matrix} [140 + 20] \\ (110 \checkmark \times 155 \checkmark) \\ 17\,050 \\ \text{een m-punt; een punt} \end{matrix}$		55 450 ☒ Een deel korrek Twee groepe voorraad moet opgetel word
OF $\begin{matrix} (33\,600 + 4\,800) \\ \text{een punt} \quad \text{een punt} \end{matrix}$	+	$\begin{matrix} (14\,850 + 2\,200) \\ \text{een m-punt} \quad \text{een punt} \end{matrix}$		

5

3.2

Helen het besluit om in September 2024 van verskaffers te verander nadat sy raad by haar suster, die winkelbestuurder, gekry het.**Verskaf TWEE punte wat daarop dui dat haar klante ontevrede is met die gehalte van die oorfone van die nuwe verskaffers. Haal syfers aan.**Enige TWEE toepaslike punte ☒ ☒ Syfers ☒ ☒


- 80 eenhede is teruggestuur / R11 200 moes aan klante terugbetaal word.
- Eindvoorraad het verhoog (van 170) tot 350 eenhede/met 180 eenhede/met 106%
- 350 van die 620 (56%) eenhede is nog nie verkoop nie.
- 310 nuwe oorfone is verkoop (R68 200) in vergelyking met 680 oues (R149 600) /klante het negatiewe terugvoering op webblad of houers vir voorstelle gegee, dus het verkope gedaal met 370 oorfone (R81 400).

4

Watter raad sou jy aan Helen gee oor die verandering van verskaffers in die toekoms? Verskaf EEN punt.Enige EEN toepaslike punt ☒ ☒

- Verseker dat gehalte van oorfone nie verlaag nie / behou sal word.
- Haar besluit moet nie deur familie of werknemers beïnvloed word nie; maar deur haar eie ingeligte besluite of haar eie navorsing.
- Doen agtergrond-ondersoek van nuwe verskaffers voordat 'n verandering gemaak word.
- Vergelyk die waarborge van nuwe verskaffers met dié van bestaande verskaffers
- Doen marknavorsing om te verseker dat nuwe oorfone aan die vraag voldoen.
- Evalueer eers produk se gewildheid, gebaseer op verbruikersreaksie, voordat grootmaataankope gemaak word.

2



TELEVISIESTELLE**3.3 Bereken die eindvoorraad van die televisiestelle op 28 Februarie 2025.**

TV-MODEL	BEWERKINGS	ANTWOORD
Quantum		
Crystal	$\begin{array}{l} [72 + 186 - 225] \\ 6\,500 \checkmark \times 33 \checkmark \checkmark \\ \text{OF} \quad \begin{array}{l} \text{een punt} \quad \text{twee punte} \\ 1\,677\,000 \quad - \quad 1\,462\,500 \\ [468\,000 + 1\,209\,000] \quad [2\,193\,750 \times 6\,500/9\,750] \end{array} \end{array}$	214 500 ☒ *
Limpid	$\begin{array}{l} [115 - 94] \\ 7\,200 \checkmark \times 21 \checkmark \checkmark \\ \text{OF} \quad \begin{array}{l} 828\,000 \quad - \quad 676\,800 \\ \text{een punt} \quad [987\,000 \times 7\,200/10\,500] \text{ twee punte} \end{array} \end{array}$	151 200 ☒ *
TOTAAL	Ken een m-punt toe vir 54 eenhede as 'n finale antwoord.	365 700 ☒ *

9

*een deel korrek

Oorbodige antwoorde: geen m-punt op finale antwoord

3.4 Bereken die koste van verkope van die Limpid TV's.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{l} \text{sien 3.3} \\ 828\,000 \checkmark - 151\,200 \checkmark \\ \text{OF} \quad \begin{array}{l} 94 \times 7\,200 \\ \text{een punt} \quad \text{een m-punt} \end{array} \quad \text{OF} \quad \begin{array}{l} 987\,000 \times [7200/10\,500] \\ \text{een punt} \quad \text{een m-punt} \end{array} \end{array}$	676 800 ☒ een deel korrek

3**Bereken hoe lank (in dae) dit Helen sal neem om die eindvoorraad van die Limpid TV's te verkoop.**

BEWERKINGS	ANTWOORD
$\begin{array}{l} \text{sien 3.3} \\ 151\,200 \checkmark \times 90 \checkmark \\ 676\,800 \checkmark \\ \text{sien 3.4} \\ \text{OF} \quad \begin{array}{l} 21 \text{ een m-punt} \times 90 \text{ een punt} \\ 94 \text{ een m-punt} \end{array} \end{array}$	20,1 dae ☒ aanvaar 20 dae een deel korrek

4**Helen is van mening dat sy die regte besluit geneem het om die Quantum TV's met die Limpid TV's te vervang. Gee EEN moontlike rede (met syfers) om haar mening te staaf.**Enige EEN toepaslike rede ☒ Syfers ☒

- Verdien hoër wins per eenheid (Quantum: R1 150 / Limpid: R3 300)
- Hoër gemiddelde maandelikse verkope (Quantum-eenhede: 11,7 (8,8) / Limpid: 31)
- Onverkoopte voorraad van Quantum (18 eenhede) moes weggegee word.

2**3.5 Verduidelik hoe dit 'n positiewe uitwerking op haar besigheid sal hê. Verskaf EEN punt.**Enige EEN toepaslike punt ☒

- Korporatiewe sosiale (maatskaplike) verantwoordelikheid / meer ondersteuning van die gemeenskap / verhoogde klante-lojaliteit / verkope kan vermeerder
- Bevorder 'n positiewe beeld omdat nuutste tegnologie verkoop word/ bevorder handelsmerk-persepsies
- Bevorder 'n reputasie as 'n besigheid wat vir die gemeenskap omgee / het meer geleenthede op positiewe publisiteit te kry
- Kan lei tot belastingvoordele / minder belasbare inkomste.

2

STOFSUIERS EN HOË-DRUKSPUITMASJIENE**3.6 STOFSUIERS**


Identifiseer EEN probleem met stofsuiers. Haal syfers aan. Wat sal jou raad wees? Noem EEN punt.	
PROBLEEM (met syfers) ✓ ✓	ADVIES ✓
Kontantverkope verminder met 80 eenhede (22,2%) / Kredietverkope verhoog met 40 eenhede (21,1%)	- Moedig kontantverkope aan deur hoër kortings toe te staan / Loods geteikende aanbiedinge in die winkel, wat kontantverkope aanmoedig. - Verminder die huidige kredietterme / Hersien die proses om potensiële debiteure se kredietgradering na te gaan / Hersien kredietlimiete op 'n gereelde basis
Terugsendings vermeerder met 7 (46,7%)	Verskaf gehalte-produkte/gaan produk na voordat dit aan klante uitgereik word / Bied koopbewyse aan, i.p.v. volle terugbetaling / Skakel oor na 'n meer gevorderde stofsuiers/verander die verskaffer.

3

3.7 HOË-DRUKSPUITMASJIENE

Verduidelik TWEE goeie besluite wat Helen geneem het ten opsigte van die spuitmasjiene. Haal syfers aan. Verduidelik hoe elke besluit die resultate van 28 Februarie 2025 verbeter het. Verskaf EEN verskillende punt vir elke besluit.		
	BESLUIT (met syfers) ✓ ✓ ✓ ✓	VERBETERING IN RESULTATE ✓ ✓
Besluit 1	Verhoog kortings op kontantverkope (van 5%) tot 10% / met 5%-punte.	Kontantverkope kan verhoog
Besluit 2	Verander kredietbeleid (van 150) tot 120 dae / Verminder rentekoers (van 18%) tot 15% / met 3%-punte.	Verbeterde debiteure-invordering / verminder oninbare skulde (swak betalings)
Besluit 3	Verlaag winsgrens % (van 60%) tot 40%.	Verhoging in totale eenhede verkoop

6

TOTALE PUNTE**40**

VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe die opstel van die Kontantbegroting as 'n bestuursinstrument gebruik kan word om die besigheid te help om hulle kontantbronne te bestuur. Noem EEN punt.

Enige EEN toepaslike punt ✓✓

Deelpunte vir gedeeltelike/onduidelike antwoorde

- Kan gebruik word as 'n beheermaatreël om te monitor of uitgawes en ontvangste volgens plan verloop en om vroegtydig die nodige aanpassings te maak.
- Bestuur kan dit vir die beplanning van hul kontantaankope gebruik om te bepaal wat hulle in watter maand(e) kan bekostig.
- Dit waarsku bestuur om uitgawes te besnoei /om lening te maak /meer kapitaal te verkry / aansoek te doen vir oortrokke fasiliteite.
- Kan bedrog uitlig deur werklike syfers met begrote syfers te vergelyk.

2

4.2 Identifiseer TWEE items uit die betalingsdeel van hierdie Kontantbegroting wat nie in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal verskyn nie.

Enige TWEE items ✓ ✓

- Lening-terugbetaling
- Deposito op voertuig
- Betalings aan krediteure
- Kontantaankope van voorraad


2

4.3 KREDITEUREBETALINGSKEDULE

MAAND	KREDIET-AANKOPE	JUNIE	JULIE
APRIL	96 000	9 600	Oorbodige inskrywing; Verbeur m-punt op die totaal
MEI	108 000	16 200	10 800 ✓✓
JUNIE	120 000 ✓✓ Indien nie getoon, ken volpunte toe vir korrekte antwoord	85 500	18 000 ✓✓ Kredietaankepe x 15%
JULIE	144 000		102 600 ✓✓
		111 300	131 400 ✓*

9

*een deel korrek



4.4 **BEREKEN:**

	BEWERKINGS	ANTWOORD
(i)	Kontantverkope vir Julie 2025 $R270\,000 \times 40\%$ OF $144\,000 \times 60/80$ OF $270\,000 - 162\,000$ 2	R108 000 ✓✓
(ii)	Salarisse en lone vir Junie 2025 $[35\,280/3]$ $11\,760 \checkmark \times [100/105] \checkmark \times 2 \checkmark$ OF $(11\,760 - 560) \times 2$ een punt een punt een punt OF $35\,280 \times [200/315]$ een punt twee punte 4	22 400 ☒ een deel korrek
(iii)	Terugbetaling van lening op 1 Julie 2025 $[3\,150 - 2\,250]$ $900 \checkmark \times [100/15] \checkmark \times 12 \checkmark$ 6 000 twee punte OF $252\,000 - 180\,000$ een punt twee punte 4	72 000 ☒ een deel korrek
(iv)	Deposito vir voertuig op 31 Julie 2025 een punt een punt (36 maande $\times$ 10/90) $R6\,875 \checkmark \times 4 \checkmark \checkmark$ OF $247\,500 \times [100/90 \times 10/100]$ twee punte een punt 4	R 27 500 ☒ een deel korrek

14

4.5

Bereken die vermindering in vloerspasie (in m²) wat gedurende Julie 2025 gehuur sal word.

BEWERKINGS	ANTWOORD
$[59\,940 - 47\,952]$ $R11\,988 \checkmark \checkmark$ $333 \checkmark \checkmark$ $[59\,940 / 180]$ OF $180\,m^2 - 144\,m^2$ een punt drie punte OF $180m^2 \times [(11\,988 / 59\,940) \times 100]$ een punt drie punte	36 m² ☒ Een deel korrek

5

4.6 Verwys na Inligting H**4.6.1 Verduidelik die effek van die nuwe mededinger op enige TWEE items in die begrote en werklike inligting vir April 2025. Haal syfers aan.**

TWEE geldige punte ✓ ✓ Syfers MET tendense ✓ ✓

- Aantal eenhede verkoop (540) is minder as begroot (720) / 180 (25%) onder die begroting.
- Werklike verkope (R135 000) is minder as begroot (R180 000) / R45 000 (25%) onder die begroting.
- Bruto wins (R45 000) is minder as begroot (R60 000) / R15 000 (25%) onder die begroting.

4

4.6.2 Identifiseer TWEE veranderinge wat Daisy in Mei 2025 geïmplementeer het in reaksie op die nuwe mededinger. Haal syfers aan.

TWEE geldige punte ✓ ✓ Syfers MET tendense ✓ ✓

- Advertensies verhoog (van 5%) tot 9%.
- Afleweringssuitgawes verhoog (van 4%) tot 5%.
- Kommissie aangebied, 2% van verkope (R4 050).
- Verminder die verkoopprijs met 10% / (van R250) tot R225.

4

TOTALE PUNTE**40****TOTAAL: 150**